


HEKEL'N SPOGLOPER

Fyn soos kant, maar so sterk as wat kan kom is dié handgemaakte looper vir tafel of buffet



BENODIGDHEDE

5 20-g-bolle Coats Chain Mercer-Crochet Nr. 20 of 2 50-g-bolle van dieselfde gare; staalhekelpen van 1,25 mm. Dit is raadsaam om al die gare wat benodig word gelyktydig aan te koop.

SPANNING

1 patroonherhaling = ongeveer 2,8 cm. Strook is ongeveer 5,3 cm breed. Indien werk te los is, gebruik dunner hekelpen; indien te styf, gebruik dikker pen.

GROOTTE

Ongeveer 108 x 28 cm.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; gs — glipsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; dsl — dubbelslagsteek; vyfsl — vyfslagsteek; ls(e) — lus(se); herh — herhaal; sp(s) — spasië(s); p(s) — picot(s); st(e) — steek(steke); vlge — volgende.

EERSTE STROOK

1e Ry: beg met 7 ks, * vyfsl in 7e ks vanaf hekelpen — ring gemaak — 14 ks; herh vanaf * nog 7 keer, 1 vyfsl in 7e ks vanaf hekelpen (9 ringe).

2e Ry: 4 ks, (5 dsl, 3 ks, 7 dsl, 3 ks, 5 dsl) in ring pas gemaak, * slaan 3 ks oor, 1 kb in vlge ks, in vlge ring hekel (5 dsl, 3 ks, 7 dsl, 3 ks en 5 dsl) *; herh van * tot * nog 7 keer,

hekel oor teenoorgestelde kant van ringe (6 dsl, 3 ks, 7 dsl, 3 ks, 5 dsl) in ring; herh vanaf * tot * en eindig met gs in 4e van 4 ks.

3e Ry: 1 kb in dieselfde st as gs, ** 2 ks, slaan 2 dsl oor, (1 lb, 5 ks, 1 lb) in vlge dsl — 'n V-st gemaak — 2 ks, * 3 ks in vlge ls, 2 ks, slaan 3 dsl oor, V-st in vlge dsl, 2 ks, 3 kb in vlge ls, 7 ks; herh vanaf * nog 8 keer, maar laat 7 ks aan einde van laaste herh weg, 2 ks, slaan 2 dsl oor, V-st in vlge dsl, 2 ks, slaan 2 dsl oor, 1 kb in vlge dsl; herh vanaf ** maar laat 1 kb aan einde van laaste herh weg, gs in 1e kb.

4e Ry: ** 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, 3 kb in vlge V-st-sp, 3 ks, 1 gs in laaste kb — p gemaak — 2 kb in dieselfde sp, 1 kb in vlge

lb, 2 kb in vlge sp, slaan vlge kb oor, 1 kb in vlge kb, 1 p *, 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, (3 kb, 1 p, 2 kb) in vlge V-st-sp, 1 kb in vlge lb, 2 kb in vlge sp, 1 lb in elk van vlge 3 ks, V-st in vlge ks, 1 lb in elk van vlge 3 ks, herh vanaf * nog 7 keer, 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, (3 kb, 1 p, 2 kb) in vlge V-st-sp, 1 kb in vlge lb, 2 kb in vlge sp, slaan 1 kb oor, 1 kb in vlge kb, 1 p, 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, (3 kb, 1 p, 2 kb) in vlge V-st-sp, 1 kb in vlge lb, 2 kb in vlge sp, herh vanaf ** en eindig met gs in 1e kb. Heg af.

TWEDE STROOK

Soos 1e strook vir 3 rye.

4e Ry: 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, (3 kb, 1 p, 2 kb) in vlge V-st-sp, 1 kb in vlge lb, 2 kb in vlge sp, slaan vlge kb oor, 1 kb in vlge kb, 1 p, * 2 kb in vlge sp, 1 kb in vlge lb, 3 kb in vlge V-st-sp, 1 ks, 1 gs in ooreenstemmende p van 1e strook, 1 ks, 1 gs in laaste kb van 2e strook — verbinding-p gemaak — 2 kb in dieselfde ls, 1 kb in vlge lb, 2 kb in vlge sp, ** 1 kb in elk van vlge 4 ks, 2 ks, 1 gs in ooreenstemmende ls van 1e strook, 2 ks, 1 lb in dieselfde ks as laaste lb op 2e strook — 'n V-st-verbinding gemaak — 1 lb in elk van vlge 3 ks; herh vanaf * nog 8 keer en eindig laaste herh by **, voltooi soos eerste strook. Maak nog 18 stroke en hekel elkeen aan vorige strook vas soos tweede strook aan 1e gehekel word.

Maak klam en speld uit volgens mate. ●

